

Word herinner, en leef soos iemand wat onthou

1 Korintiërs 10:1-22(16-17)

Ons vergeet goed: Soms vergeet ons iets omdat ons nie gereeld daaraan dink nie: dis soos om te verdwaal na 'n plek toe waar jy al vantevore was.

Soms vergeet ons omdat ons onderdruk is: dis soos daardie gevreesde “blank” wat jou kan tref in 'n groot toets; of soos om iemand wat jy ken se naam te vergeet as jy hom/haar onverwags/verwags raakloop.

Soms vergeet ons omdat daar net teveel dinge is om te onthou: ons is besig, ons skarrel, ons jaag, ons prop nog en nog dinge in – en dan vergeet ons.

Soms vergeet ons selfs wie die Here is. Ons vergeet wat Hy vir ons gedoen het. Ons vergeet die betekenis van wat Hy gedoen het. Ek dink ons leef soms soos praktiese ateïste: as iemand ons sou stop en vra: is jy 'n gelowige, sal ons ja, antwoord – maar dan moet jy ons stop en vra, want ons is so besig om die lewe te jaag, en by ons dinge uit te kom, dat ons nie sommer self sal stop om vir jou iets te sê oor ons geloof in ons Here Jesus nie.

Vir my is 'n skokkende gedagte elke keer wanneer ek dink: ek is vandag te besig – daar moet teveel goed gebeur – vir my om doelbewus besig te wees met die uitlewing van my verhouding met die Here.

Dalk leef jy ook so?

Tot die dinge uitmekaar val. Tot die dagboek vol is – en daar nogsteeds dinge oor is wat gedoen moet word. Tot elke uur van die dag, en elke stukkie energie gebruik is om te doen wat ek moet – maar ek het nogsteeds nie genoeg nie. Of miskien lê die hope, en ek besef binne in my oorfloed, dat ek alles het, en tog het ek niks nie.

Dit gaan vanoggend oor moderne afgoddiens. Dit gaan oor die verdeeldheid van ons harte. Dit gaan oor die dinge wat ons jaag en waarop ons ons lewensbou. Uiteindelik is die vraag waar die Here in al hierdie dinge inpas.

Want dis duidelik dat alles nie reg is in ons samelewing en in ons eie lewens nie. Een van die verklaarders praat van 'n ondertoon van hartseer en onvervuldheid in ons samelewing. Ons het so baie, maar dit doen so min vir ons. Dis asof ons bedruktheid en bekommernis net alhoemeer word.

Is dit miskien omdat ons harte so verdeel is, dat ons nie meer op die Here kan vertrou nie? Het die belangrike goed vir ons belangriker geword as die belangrikste Persoon? Is ons so besig om die dinge in ons lewens te dien, dat ons nie meer die Here van die dinge raaksien nie?

Dit tref my dat ons Here Jesus op vooraand van sy kruisdood nie vir die disippels 'n klomp doenlysiëe gee nie. Op vooraand van sy kruisdood eet Hy saam met hulle, en vat brood en Hy breek dit en Hy gee dit vir hulle met hierdie woorde (Luk 22:19) ***Dit is My liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis.***

Ons Here Jesus het geweet hoe groot die lewe vir sy disippels – en vir elkeen van ons – gaan wees, as hulle Hom nie meer kan sien nie – en daarom gee Hy vir hulle die nagmaal as herinneringsmaaltyd. Dis hoekom ons vandag nog nagmaal vier – sodat ons kan onthou: Wie ons Here Jesus is, wat Hy vir ons gedoen het, en dat Hy vandag nog by ons is en ons voed en versorg totdat Hy weer kom.

#skyfie#skyfie

‘n Herinnering: Israel en hulle afgode

As die Here deur Paulus met die gelowiges praat, dan wil Hy hulle daaraan herinner dat nagmaal nie sommer maar net ‘n dooie ritueel is nie.

In hierdie herinnering fokus Paulus op die feit dat die gelowiges in Korinte eintlik baie in gemeen het met Israel, die volk van God. Hy sê (v.1-4):” **Broers, ek wil julle daaraan herinner dat ons voorvaders almal onder die beskerming van die wolk was en almal veilig deur die see gegaan het. Omdat hulle almal vir Moses gevolg het, is hulle almal in die wolk en in die see gedoop. Almal het dieselfde geestelike voedsel geëet, en almal het dieselfde geestelike drank gedrink: hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat met hulle saamgegaan het. Die rots was Christus.**”

So net soos wat die doop en nagmaal vir die gelowiges in Korinte tekens was van hulle deelwees van die kerk van die Here, het Israeliete ook sulke tekens gehad – tekens wat vir hulle gewys het dat hulle deel is van die volk van God. Toe hulle deur die Rietsee getrek het, was dit ‘n tipe doop, en so ook was die manna en die water wat hulle in die woestyn geëet en gedrink het ‘n tipe nagmaal.

Die Israeliete was deel – of eintlik is die punt wat Paulus probeer maak dat meeste hulle net teenwoordig was – toe God sy groot verlossingsdade vir die volk gedoen het. V.5 sê “**Tog was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het in die woestyn omgekome.**” So net omdat hulle daar was beteken nie dat hulle werklik deel was nie.

Die skerp punt van die waarskuwing kry ons in v.6 “**Hierdie dinge het gebeur as voorbeelde vir ons dat ons ons nie soos hulle deur ons sondige begeertes moet laat dryf nie.**” Uiteindelik is dit hoe Israel begin het met hulle afgodediens. Hulle was die volk van God: hulle het sy verlossingsdade gesien, maar hulle het ook agter die afgode aangeloop. Hierin lê die Here se “**ontvrede wees met Israel**” – hulle het gedink dat hulle die Here saam met die ander gode kon dien. Israel het gedink hulle is veilig: die Here het hulle mos deur die Rietsee gebring, Hy het aangehou om vir hulle kos te gee om te eet – so hulle was sy volk: niks kon dit tog verander nie...en “**tog was God met die meeste van hulle nie tevrede nie...**”

In v.11-12 word die waarskuwing herhaal:”**Hierdie dinge het oor hulle gekom as ‘n voorbeeld vir ons en is opgeskryf as waarskuwing vir ons wat die einde van die tye al beleef. Daarom wie meen dat hy staan moet oppas dat hy nie val nie.**”

Ons moenie dink dat die doop of nagmaal as rituele die vermoë het om ons immuun te maak teen sonde nie. Of dat ons as mense wat al gedoop is, en wat nagmaal gebruik, nou die vryheid ontvang om maar net te leef soos goeddunk nie.

Die skrikwekkende van hierdie waarskuwing is dat dit van buite af kan lyk of jy gered is, maar dan staan jy eintlik buite die genade van die Here.

#skyfie#skyfie

‘n Belofte

En dis op hierdie punt wat dit lyk of Paulus homself onderbreek deur eers die Korintiërs te troos met ‘n belofte van die Here in v.13:” **Geen versoeking wat meer is as wat ‘n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.**”

Die konteks waarbinne die belofte gegee word is belangrik. Hierdie belofte lê binne ‘n waarskuwing teen afgodery. Daarom is daar ‘n sterk fokus binne hierdie belofte op wie die Here is: **Hy is getrou. Hy sal nie toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie. Hy sal in elke versoeking ook die uitkoms gee.**

Die krag van hierdie belofte lê in wie die Here is: dis nie ons wat getrou is, of sterk genoeg om staan te bly nie – dis Hy: Hy is getrou, Hy gee die uitkoms.

v. 14 sê: “**Daarom moet julle niks met afgodery te doen hê nie.**”

Want as my hart verdeel is tussen die Here en die afgode wat ek dien – dan vertou ek nie meer op die Here nie, maar net op myself – en daarom val ek elke keer in sonde in.

Dit gaan oor wortels en vrugte. Die vrugte is die sonde wat ons doen. Soms is hierdie vrugte baie growwe of openbare – eksplisiete sondes soos drankmisbruik, dwelgebruik, pornografie, woedeuitbarstings of ander vorme van geweld. Soms is hierdie vrugte minder eksplisiet: soos stress, angs, vrees of bekommernis – van hierdie tipe vrugte sê ons baie keer dat dit maar net menslik is om al hierdie emosies te hê.

En dit is so, ons is kwesbaar as mense en daarom sal ons soms bangwees of gespanne wees, maar om maar net te sê die emosies is menslik is ook iets van ‘n wegkruipplek: dit keer ons om by die wortel uit te kom – die oorsprong van ons sonde. Voor ons nie by daardie wortel van die sonde uitkom nie – gaan niks verander nie: ons gaan aanhou leef soos ons leef, of ons gaan onsuksesvol vanuit die een of ander skuldgevoel op ‘n wettiese of ‘n selfgedrewe manier probeer breek met ons sonde.

Die wortel van ons sonde lê in ons harte: dit gaan oor ons harte se vermoë om van enige iets ‘n afgod te maak. Dis hoekom ons elke keer terugval in ons sonde in, want ons het nie ‘n keuse nie: ons afgode dwing ons. Die gevaarlikste tipe afgode is die gode wat ons uit die goeie dinge uit maak, wanneer ons een van die belangrike dinge in ons lewens vat en ons maak dit die belangrikste ding. voorbeelde:

Dis goed om jou gesin te wil versorg, maar as dit al is waarvoor jy lewe, as jy lewe asof jou gesin se sekuriteit net van jou afhang – dan is dit besig om ‘n afgod te word. Netso het ons ‘n roeping om ons kinders groot te maak, maar as my kinders my alles is, of al is waarvoor ek leef dan is besig om hulle my afgode te maak. Dis ‘n gevaarlike plek om te wees, want hoe onregverdig is dit nie om van my kinders te verwag om my alles te wees nie. Kan jy dink onder watter verskriklike druk plaas ek hulle, as hulle sukses/mislukking bepaal wie ek is?

In ‘n universiteitsomgewing soos ons s’n kan ons seker nie genoeg gewaarsku word teen hoe maklik die menslike rede of die wetenskap self afgode kan word nie.

Ons harte kan werklik uit enige iets ‘n afgod maak – selfs MY kerk, en MY manier van glo kan ‘n afgod word.

Die krisis is dat hierdie afgode ons harte verdeel: dit gebeur eintlik ongesiens, stukkie vir stukkie skuif ons vertroue van die Here af na hierdie ander goed toe. Dis hoekom ons sukkel om te vertrou, want in ons harte en gedagtes is die Here nie groot genoeg nie, nie naby genoeg nie, nie lief genoeg nie, nie genadig genoeg nie...

V.14 “**Daarom, geliefdes, moet julle niks met die afgode diens te doen hê nie.**”

In hierdie herinnering wat die Here deur Paulus aan ons gee, wys Hy vir ons dat ‘n verhouding met Hom nie maar net nog ‘n boksie is wat ons moet afmerk sodat ons kan aangaan met ons lewens nie.

#skyfie#skyfie

Lewe soos een wat onthou

God se verhouding met ons kom vou alles van ons toe in sy liefde – Hy werk nie so op ‘n afstand met ons nie – Hy bring ons nader, Hy maak ons sy kinders, Hy laat ons deel in wie Hy is: het jy al gedink hoe wonderlik is die feit dat Hy ons roep om gelykvormig aan sy Seun te word.

Dit gaan oor die besef dat dat die Here by ons is in al sy reddende genade. In sy verhouding met ons is daar geen ruimte vir enigiets wat tussen ons en Hom inkom nie. Daarom word daar soveel eenheidstaal gebruik wanneer die nagmaal aan ons beskryf word. V. 16-17 “**Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.**”

Soms vergeet ons met Wie ons besig is, of dalk moet ek eerder sê soms vergeet ons Wie met ons besig is. As ons kyk na hierdie voorbeeld van die Israeliete dan wonder ek soms hoe was dit vir hulle moontlik om op dieselfde dag as wat hulle van die manna geëet het, of op dieselfde dag as wat die manna beskikbaar was, kon deelneem aan die een of ander afgodsoffer? Maar ek besef alhoemeer, dat eintlik ek daardie vraag vir my en vir jou moet vra. Ja, Israel het met hulle uittog uit Egipte baie wondertekens gesien en beleef, maar al daardie wonders was eintlik maar net skaduwees van die eintlike verlossingswonder, wat God deur ons Here Jesus sou kom doen.

Dis 'n verlossingswonder, wat die Gees van ons Here Jesus deur sy Woord soveel duideliker vir ons kom beskryf as wat manna of water uit 'n rots ooit kon doen.

En tog vergeet ons. Ons lewe en vergeet hoe getrou die Here is. Ons lewe en ons vergeet hoe volkome sy liefde vir ons is. Ons lewe en ons vergeet dat Hy teenwoordig is in ons lewens; dat Hy ons vrygemaak het van ons sonde en ons gebrokenheid; dat Hy ons herskep het om al ons vreugde en sekuriteit in Hom te vind.

En omdat ons vergeet, gaan soek ons dit dan op ander plekke.

Die troos is dat die Here ons swakheid ken, Ps 103:14 sê: "**Die Here weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is.**" Daarom gee Hy vir ons die voorreg om nagmaal te kan gebruik.

Daarom los Hy ons nie maar net om self te moet onthou wie Hy is nie: Hy herinner ons elke wanneer ons die Woord hoor, elke keer wanneer ons nagmaal vier.

Kom daarom, word herinner wie ons Here Jesus is, en gaan leef dan as iemand wat onthou.

Amen.